Die Hoër Tegnologiese Skool
John Vorster

22 November 2024

OUEROMSENDBRIEF 10 VAN 2024

Geagte JV-Ouers/-Voogde

Net ’n paar sake ter inligting:

1. **SKOOLGELD 2025**

Hiermee die skoolgeld vir 2025 soos goedgekeur op die ouervergadering wat op 18 November 2024 plaasgevind het.

UITTREKSELS UIT DIE RESOLUSIE



012 332 1760 info@htsjv.co.za
Meyerstraat 1072, Rietfontein, Pretoria, 0186
www.htsjohnvorster.co.za

2025-RESOLUSIES VIR KENNISNAME

- Skoolfooie is betaalbaar vir alle leerders wat HTS John Vorster bywoon en die skoolfonds is bepaal in ooreenstemming met die bepalings van Artikels 38 and 39(1) van die Suid-Afrikaanse Skolewet, 1996 (SASW).
- Dat die begroting, soos deur die Beheerliggaam voorgestel, goedgekeur word en dat die Beheerliggaam gemagtig word om tekorte wat op begrote bedrae vir bepaalde begrotingsitems ontstaan, uit oorskotte wat by ander items kan ontstaan, aan te vul - mits die totale begroting nie sonder goedkeuring van die ouervergadering oorskry word nie.
- Die skoolfonds is bepaal in terme van bogenoemde Wet en dek alle deelname van die leerder in enige van die skoolprogramme - soos gedefinieer en goedgekeur deur die ouers;
- Die skool implementeer die vrystellingsregulasie soos gepubliseer in die Staatskoerant, No. 29311 van 18 Oktober 2006 .
- Aansoekvorms vir vrystelling kan vanaf die eerste skooldag van 2025, by aanvraag, per e-pos aangestuur word, of kan met voorafreëling by die finansieskantoor verkry word.. Hierdie dokument sal ook op die skool se webwerf beskikbaar wees.
- Ongeag die bovermelde bepalings, bly ‘n ouer/voog aanspreeklik vir skoolfonds tot tyd en wyl daar aansoek gedoen is om vrystelling en sodanige vrystelling goedgekeur is.
- Die skoolbestuur en betrokke beheerliggaamslede onderneem om volledige aansoeke binne 30 dae na ontvangs, te verwerk en ouers binne 7 dae na die besluit geneem is, skriftelik in kennis te stel van die uitslag.
- Onvolledige vrystellingsaansoeke gaan nie deur die BL verwerk word nie. Dit is die plig van die ouer of voog om te verseker dat sy/haar aansoek volledig - met toepaslike aanhangsels, ingedien word.
- ‘n Handboekgebruikersfooi sal teen ‘n bedrag van R300.00 per leerder vir die 2025-boekjaar gehef word. Hierdie fooi is nie ‘n terugbetaalbare deposito nie en word slegs eenmalig per jaar gehef vir die gebruik van die handboeke. Die fooi sal op die skoolgeldrekening gehef word en is betaalbaar voor 28 Feb 2025. Hierdie fooi sal nie deel vorm van enige vrystellingsaansoek nie.
- ‘n Fooi van R300.00 vir verlore handboeke of handboeke wat nie ingehandig word nie, sal per handboek gehef word. Die ouer het ook die opsie om self die verlore handboeke te vervang en in te handig by die skool. Ander handboeke sal nie voorsien word indien die handboeke nie vervang is, of die fooi betaal is nie.
- ‘n Fooi van R100.00 vir herstelkoste sal betaalbaar wees ten opsigte van alle handboeke wat herstelbare skade het. Die ouer het ook die opsie om self die handboeke te laat herstel en in te handig by die skool. Die sperdatum vir die

inhandiging van herstelde handhoeke is 01 Desember 2024. Indien die handboeke nie ontvang is nie, sal ‘n verlorehandboek-fooi gehef word. Ander handboeke sal nie voorsien word indien die handboeke nie ingehandig, of die fooi betaal is nie.

2. BANKBESONDERHEDE

HTS John Vorster is besig om ons bankrekeninge oor te skuif na FNB. Die versoek is dus dat alle gelde vanaf Maandag, 25 November, in ons nuwe bankrekening betaal sal word. Die bankbesonderhede is as volg:

REKENINGNAAM	HTS JOHN VORSTER
BANK	FNB
TAKKODE	251545
REKENINGNOMMER	63128801479
VERWYSINGSNOMMER	LEERDER SE TOELATINGSNOMMER

3. TYDPERK 28 NOVEMBER TOT 11 DESEMBER:

Vir alle grade 8- tot 11-leerders eindig die eksamen op 22 November; leerders bly dan tuis.

4. RAPPORTE

Rapporte word op 9 Desember van 07:00 tot 08:00 aan leerders versprei. ’n Rapport sal vir ‘n boetie/sussie gegee word, slegs indien daar skriftelike toestemming deur die ouer/voog daartoe gegee word.

Geen rapporte sal aan leerders se vriende uitgedeel of per e-pos gestuur word nie. Indien u nie die rapport op die gegewe tyd kan kom haal nie, sal die Adminkantoor nog oop wees tot Woensdag, 11 Desember om 11:00. Daarna kan dit in 2025 ontvang word.

Die leerders ontvang op 9 Desember hul rapporte in die volgende lokale:

Graad 8 – kamer 118

Graad 9 – kamer 14

Graad 10 – NL

Graad 11 – kamer 113

JV-groete.

_____

HOOF